

Lêerno.: 12/2/3
Verwysing: 20240313-2442

Navorsingminuut: 0002/2023

Aan: Prinsipale van onafhanklike skole

Kop opsomming: Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se sistemiese toetse in onafhanklike skole

Onderwerp: Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se sistemiese toetse in onafhanklike skole in 2024

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) het sedert 2002 sistemiese toetse in Taal en Wiskunde vir graad 3- en 6-leerders afgeneem. Die program is in 2010 na graad 9 uitgebrei. Die uitslae help skole om areas wat verbetering verg, te identifiseer, en die WKOD om vas te stel watter dele van die kurrikulum bykomende ondersteuning benodig.
2. Onafhanklike skole is vanaf 2010 genooi om aan die toetsprogram deel te neem.
3. Gesubsidieerde onafhanklike skole moet deelneem, terwyl niegesubsidieerde onafhanklike skole op uitnodiging deelneem.
4. Hierdie minuut dien as 'n formele uitnodiging aan alle niegesubsidieerde onafhanklike skole om aan die WKOD se sistemiese toetsprogram vir 2024 deel te neem.
5. Toetse sal deur onafhanklike diensverskaffers wat deur die WKOD aangestel is, afgeneem word.
6. U aandag word op die volgende besonderhede vir die 2024-toetse gevestig:
 - Skole wat wil deelneem, moet minstens 10 leerders in elk van die grade hê wat die toetse sal skryf.
 - Toetsing sal op **02 Oktober 2024** begin.
 - U skool sal 'n kennisgewingsbrief oor die toetsdatums van die WKOD ontvang.
 - Toetse sal vir een dag per skool gereël word.

- Graad 3-leerders sal in die taal van leer en onderrig (TLO) van die skool (Engels, Afrikaans of Xhosa) en Wiskunde getoets word.
 - Graad 6- en 9-leerders sal in die TLO van die skool (Engels of Afrikaans) en Wiskunde getoets word.
 - Die slaagpunt vir alle toetse is 50%.
 - Skoolverslae sal aan alle skole uitgereik word.
 - Vul asseblief die aangehegte vorm in indien u skool belangstel om deel te neem en stuur dit teen **10 Mei 2024** aan mnr. Vumile Nyalashe by faksnommer 086 555 3955 of per e-pos aan Vumile.Nyalashe@westerncape.gov.za.
 - Maak ook seker dat die besonderhede van alle leerders in graad 3, 6 en 9 teen **26 Julie 2024** op SOBIS vasgelê is.
7. Die WKOD sien uit na die deelname in 2024 van niegesubsidieerde onafhanklike skole aan die WKOD se sistemiese toetse vir graad 3, 6 en 9.

GETEKEN: B WALTERS

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2024-03-26